PASIËNTINLIGTINGSBLAD

SKEDULERINGSTATUS: S0

GENOLOGIX QUERCETIN 750mg harde kapsules

Kwersetiendihidraat 750 mg per daaglikse dosis (2 kapsules, elk met 375 mg), uit die blomknoppe van die Japanse pagodeboom

Suikervry

KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE

Gesondheidsaanvulling

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA vir sy kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

Hierdie inligtingsblad is ook in Engels beskikbaar op die produkbladsye by https://genologix.co.za/product/genologix-quercetin-750mg-30-days-supply/ (30-dae-pak) en https://genologix.co.za/product/genologix-quercetin-750mg-bulk-120-days-supply/ (120-dae-pak).

Lees hierdie hele inligtingsblad aandagtig deur, omdat dit belangrike inligting vir jou bevat

Genologix Quercetin 750mg is sonder ’n doktersvoorskrif beskikbaar sodat jy jou gesondheid kan onderhou. Nietemin moet jy Genologix Quercetin 750mg steeds versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te kry.

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat jy dit weer lees.
- Moenie Genologix Quercetin 750mg met enigiemand anders deel nie.
- Vra gerus jou gesondheidsorgverskaffer of apteker indien jy verdere inligting of advies nodig het.

Wat is in hierdie inligtingsblad

1. Wat Genologix Quercetin 750mg is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy Genologix Quercetin 750mg neem
3. Hoe om Genologix Quercetin 750mg te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om Genologix Quercetin 750mg te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

1. Wat Genologix Quercetin 750mg is en waarvoor dit gebruik word

Genologix Quercetin 750mg is ’n gesondheidsaanvulling. Dit bevat kwersetien, ’n natuurlike plantverbinding (’n flavonoïed) wat uit die blomknoppe van die Japanse pagodeboom (Styphnolobium japonicum, ook bekend as Sophora japonica) onttrek word.

Genologix Quercetin 750mg:

- is ’n antioksidant;
- dra by tot die handhawing van ’n normale immuunreaksie op seisoenale allergene; en
- word as ’n beskermer van die kapillêre (klein bloedvate) gebruik.

2. Wat jy moet weet voordat jy Genologix Quercetin 750mg neem

Moenie Genologix Quercetin 750mg neem nie:

- indien jy hipersensitief (allergies) is vir kwersetien of enige van die ander bestanddele van Genologix Quercetin 750mg (soos in afdeling 6 gelys).

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees veral versigtig met Genologix Quercetin 750mg. Praat met jou dokter of apteker voordat jy dit neem:

- indien jy swanger is of borsvoed;
- indien jy enige van die medisynes neem wat onder “Ander medisynes en Genologix Quercetin 750mg” gelys is; of
- indien jy niersiekte het.

Raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer vir gebruik langer as 12 weke.

Kinders en adolessente

Genologix Quercetin 750mg is nie vir gebruik deur kinders nie. Moenie dit aan kinders en adolessente onder 18 jaar gee nie.

Ander medisynes en Genologix Quercetin 750mg

Sê altyd vir jou gesondheidsorgverskaffer indien jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisynes in.)

Kwersetien kan ’n interaksie hê met:

- sekere antibiotika (kinolone, soos siprofloksasien);
- siklosporien (’n medisyne wat ná orgaanoorplantings gebruik word);
- warfarien (’n medisyne wat die bloed verdun);
- medisynes wat deur die lewer afgebreek word. Kwersetien kan verander hoe vinnig die lewer hierdie medisynes afbreek, wat hul effekte en newe-effekte kan verander.

Praat met jou dokter of apteker voordat jy dit saam met enige van hierdie medisynes neem.

Genologix Quercetin 750mg saam met voedsel, drank en alkohol

Neem Genologix Quercetin 750mg saam met voedsel of etes (sien afdeling 3). Geen interaksies met drank of alkohol is bekend nie.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer voordat jy Genologix Quercetin 750mg neem indien jy swanger is of borsvoed. Die veiligheid daarvan tydens swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.

Indien jy swanger is of borsvoed, vermoed dat jy swanger is of beplan om swanger te raak, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat jy hierdie medisyne neem.

Bestuur en die gebruik van masjiene

Genologix Quercetin 750mg behoort nie jou vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik, te beïnvloed nie.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate Genologix Quercetin 750mg met jou daaglikse aktiwiteite sal inmeng nie. Moenie bestuur, masjinerie gebruik of aan aktiwiteite deelneem waarvoor jy wakker en oplettend moet wees voordat jy weet hoe Genologix Quercetin 750mg jou beïnvloed nie.

Genologix Quercetin 750mg bevat

Genologix Quercetin 750mg bevat geen suiker en geen versoeters nie.

3. Hoe om Genologix Quercetin 750mg te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enigiemand anders deel nie.

Neem Genologix Quercetin 750mg altyd presies soos wat in hierdie inligtingsblad beskryf is of soos wat jou dokter of apteker jou aangesê het. Raadpleeg jou dokter of apteker indien jy onseker is.

Volwassenes (18 jaar en ouer): neem twee (2) kapsules per dag, in twee verdeelde dosisse: een (1) kapsule saam met ontbyt en een (1) kapsule saam met jou aandete. Dit verskaf 750 mg kwersetiendihidraat per dag.

Moenie meer as twee (2) kapsules binne 24 uur neem nie.

Kinders en adolessente onder 18 jaar: Genologix Quercetin 750mg is nie vir gebruik in hierdie ouderdomsgroep nie.

Hoe om dit te neem:

1. Neem in 2 verdeelde dosisse saam met voedsel of etes.
2. Sluk elke kapsule heel met ’n glas water.
3. Hou op om Genologix Quercetin 750mg te neem indien jy enige newe-effekte ervaar (sien afdeling 4).

Raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer vir gebruik langer as 12 weke.

’n Gevarieerde dieet is die doeltreffendste en veiligste manier om goeie voeding, gesondheid, liggaamsamestelling en verstandelike en fisieke prestasie te verkry.

Indien jy meer Genologix Quercetin 750mg neem as wat jy moet

Indien jy te veel kapsules neem, kan jy hoofpyn, maagongesteldheid of ’n tintelende gevoel in die arms en bene kry.

In geval van ’n oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van die twee beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

Indien jy vergeet om Genologix Quercetin 750mg te neem

Indien jy ’n dosis vergeet, neem die volgende kapsule soos gewoonlik saam met jou volgende ete.

Moenie ’n dubbele dosis neem om vir ’n vergete dosis te vergoed nie.

Indien jy ophou om Genologix Quercetin 750mg te neem

Jy kan enige tyd ophou om Genologix Quercetin 750mg te neem. Geen onttrekkingseffekte word verwag nie.

4. Moontlike newe-effekte

Genologix Quercetin 750mg kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir Genologix Quercetin 750mg gerapporteer is, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of indien jy enige ongewenste effekte ervaar terwyl jy Genologix Quercetin 750mg neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om Genologix Quercetin 750mg te neem en sê dadelik vir jou dokter, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel, wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak,
- uitslag of gejeuk,
- floute.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien jy dit ervaar, het jy moontlik ’n ernstige reaksie op Genologix Quercetin 750mg gehad. Jy benodig moontlik dringende mediese aandag of hospitalisasie.

Sê vir jou dokter indien jy enige van die volgende opmerk:

Frekwensie onbekend:

- hoofpyn,
- maagongesteldheid,
- tinteling in die arms en bene.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker daarvan in.

Rapportering van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ervaar, praat met jou dokter of apteker. Jy kan newe-effekte ook aan SAHPRA rapporteer d.m.v. die Med Safety-toepassing (Medsafety X SAHPRA) en die e-rapporteringplatform (who-umc.org) wat op SAHPRA se webwerf gevind kan word. Deur newe-effekte te rapporteer, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van Genologix Quercetin 750mg te verskaf.

Jy kan newe-effekte ook direk aan Genologix rapporteer deur die newe-effek-verslagvorm op ons webwerf by https://genologix.co.za/adr-form-page/ te voltooi, of deur ons by 087 094 0594, WhatsApp 060 532 8317 of info@genologix.co.za te kontak.

5. Hoe om Genologix Quercetin 750mg te bêre

Bêre alle medisynes buite bereik van kinders.

- Bêre op ’n koel, droë plek by of onder 25 °C.
- Beskerm teen lig en vog.
- Hou die kapsules in die oorspronklike houer. Maak die houer ná elke gebruik weer styf toe.
- Moenie in ’n badkamer bêre nie.
- Moenie ná die vervaldatum wat op die houer gedruk is, gebruik nie.
- Moenie Genologix Quercetin 750mg gebruik indien die seël van die houer gebreek is of die kapsules beskadig lyk nie.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting

Wat Genologix Quercetin 750mg bevat

Die aktiewe bestanddeel is kwersetiendihidraat, wat uit die blomknoppe van die Japanse pagodeboom (Styphnolobium japonicum) onttrek word.

Aktiewe bestanddeel	Per kapsule	Per daaglikse dosis (2 kapsules)
Kwersetiendihidraat [Styphnolobium japonicum (L.) Schott (Japanse pagodeboom) blomknopekstrak, gestandaardiseer tot 95 % kwersetiendihidraat]	375 mg	750 mg

Die ander bestanddeel is hipromellose (die vegan-kapsuleomhulsel). Die kapsules bevat geen vulstof nie.

Hoe Genologix Quercetin 750mg lyk en die inhoud van die pak

Deursigtige, harde vegan- (hipromellose-) kapsules gevul met ’n geel poeier.

Die poeier in die kapsules kom van natuurlike plantmateriaal, en daarom kan die kleur van lot tot lot verskil. Dit kan ligter of donkerder wees. Dit is normaal. Dit word veroorsaak deur natuurlike faktore soos grondtoestande, reënval en die tyd van oes. Dit beïnvloed nie die kwaliteit van die produk nie.

Genologix Quercetin 750mg is in twee pakgroottes beskikbaar: 60 kapsules (30 daaglikse dosisse) en 240 kapsules (120 daaglikse dosisse). Albei is verpak in ’n hersluitbare, gelamineerde, ligwerende houer.

Houer van Registrasiesertifikaat

Genologix Distributors (Pty) Ltd
Nguni Business Park
1 Nguni Way
Waterfall, KwaZulu-Natal
3610
Suid-Afrika
Tel: 087 094 0594
WhatsApp: 060 532 8317
E-pos: info@genologix.co.za

Hierdie inligtingsblad is laas hersien op

11 November 2026

Registrasienommer

Nie van toepassing nie. Ongeregistreerde komplementêre medisyne, Wet 101 van 1965.

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligtingsblad

Die Professionele Inligtingsblad vir Genologix Quercetin 750mg is op versoek by Genologix beskikbaar by 087 094 0594 of info@genologix.co.za. Rig jou korrespondensie vir die aandag van die Verantwoordelike Apteker.